

Maandag 6 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:4, 5

Tema: Ons is die vrygekooptes!

Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eersteling vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God (Op.14:4, 5, 1953-vertaling).

Wat bedoel die Here met die woorde: *vrykoop van die aarde*? Die Here se antwoord is eerstens: *Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein*. Die woord *maagd* is 'n woord wat vir jong meisies gebruik word, maar dit word ook van mans gebruik wat hulle kan gedra. Daar staan dus nie net mans rondom die Here nie – alle uitverkore mans en vroue is daar.

Die woord bedoel egter nie dat dit net mans is wat ongetroud is nie. As dit die geval sou wees, sou die Bybel ongetroude lewe voorstel as iets wat hoër is as getroude lewe. Die Here se opdrag is inderdaad presies die teenoorgestelde: 'n Man moet trou en sy ouerhuis verlaat en sy vrou aanhang (aankleef!). Hierdie woord *maagd*, soos dit gebruik word in Openbaring 14:4-5, bedoel dat hierdie mense rein is voor die Here omdat hulle hul nie opgehou het met hoerery nie.

Skrifverklaarders voer die verklaring van *maagd* nog verder: dit sluit ook geestelike hoerery in! Dit beteken dat hierdie mense hulle ook nie laat insleep het in allerhande godsdienste waar die Woord van God en die Here Jesus Christus onder verdenking geplaas word nie. Dink aan die volgende:

Twis met julle moeder, twis; want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie, en laat sy haar hoerery van haar aangesig verwyder en haar owerspel van haar borste af weg. Anders sal Ek haar naak uittrek en haar neersit soos op die dag van haar geboorte en haar maak soos 'n woestyn, ja, haar stel soos 'n dor land en haar van dors laat sterwe. En Ek sal My oor haar kinders nie ontferm nie, want hulle is kinders uit hoerery gebore. Want hulle moeder het in ontug gelewe, sy wat met hulle swanger was, het skandelige dinge gedoen; want sy het gesê: Ek wil my minnaars agternaloop wat my brood en my water, my wol en my vlas, my olie en my drank gee (Hosea 2:1-4, 1953-vertaling).

Die openbaring trek hierdie lyn deur van ons aardse lewe af na die hiernamaalse lewe toe ... *dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan* (Op. 14:4, 1953-vertaling).

Sing: Skrifberyming 5-3:1

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)